MEDIAVERKLARING

DATUM: 23 April 2022
UITGEREIK DEUR: Elmarie Prinsloo
Sel: 051 - 448 9894/5/6
Epos: elmarie@bloemskou.co.za
HOEDANIGHEID: Hoof Uitvoerende Beampte
Bloemskou

Bloemskou & Fun Carnivals liefdadigheidsprojek: **"Joy for charity" 26 April 2022 14:00**

Bloemskou vind vanjaar van **27 April – 7 Mei** plaas en 'n fees van aktiwiteite word beplan.

Bloemskou heropen na twee jaar se afwesigheid met die Covid pandemie.
Wat 'n voorreg om ook vanjaar die pret van Bloemskou meer toeganklik maak vir kinders wat nie so bevoorreg is nie.

Hierdie "Joy for charity" projek is 'n gemeenskapsprojek van Bloemskou en Fun Carnivals vanjaar.
Bloemskou in samewerking met die Fun Carnival wat die pretpark behartig, sal op Dinsdag, 26 April 2022 om 14:00 sowat 251 kinders met 33 toesighouers van die ENGO kinderhuise toelaat om gratis onbeperk op alle pretparkritte te kom baljaar.
Kinders sal ook verras word met paaseier soek vooraf en na afloop van die ritte sal hul bederf word met lekker spookasem, popcorn en koeldrank.

Wat 'n voorreg om op so manier ook terug te gee aan die gemeenskap en 'n glimlag op 'n kind se gesig te plaas.

Besoek gerus www.bloemskou.co.za vir meer inligting oor vanjaar se Bloemskou wat op 27 April 2022 afskop.

Persv2022 Joyforcharity/emp